



STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.



Hoofredakteur—F. W. Buytendach.
Besigheidsbestuurder—D.J. v.d. Merwe
Medewerkers—V. E. D'Assonville,
A. Botha.
Sekretaris: B. Lombard.

Alle bydraes moet vroegtydig
by een van die redaksielede
ingehandig word.

Subredakteure—
P. v.d. Merwe.
P. Struwig.
R. G. Kriel.
Mej. F. Venter.

Deel II. No. V.

Vrydag 23 Mei, 1947.

PRYS 2d.

REDAKSIONEEL

IS ALLES DAN NOU REG?

By die lees van notules van algemene studentevergaderings het die vraag opgekom: Is alles dan nou reg? Min van die vergaderings van nie te lank in die verlede nie het afge-loop sonder dat ernstig gespreek is oor geweldig belangrike sake, sake wat elke P.U.Kaner wat nie om dowe neute aan die P.U.K. studeer nie, baie na aan die hart behoort te lê.

Onder die P.U.Kaners het altyd die gees van warme patriotisme geleef. Hulle het geweet wat hulle wil. Telkens lees mens in die notule iets in dier voege. So is bv. in notule van 'n vergadering, gehou 26 Mei 1939, o.a. die volgende te lees:

„Ons as hoër onderwysinrigting moet meer van ons laat hoor in die buitewêreld—ons moet standpunt kies teen die bewuste oorlogsbeleid van die regering en die oorlogspropaganda wat in ons land gevoer word.... Omdat ons nie Boerebloed wil stort vir Engeland nie, eis ons van die regering 'n onomwonde neutraliteitsbeleid.” Dan volg 'n lang mosie wat getuig dat die studente saam met hulle tyd en landsomstandighede geleef het.

Gedurende die beginjare van die Tweede Wêreldoorlog het die studente gedurig die sake onder bespreking geneem. Hulle het nie geaarsel om hulle opinies uit te spreek nie. Selfs nog in 'n vergadering gehou in 1945 is duidelik gespreek oor die handhawing van so iets aktueels as die segregasiebeginsel.

En nou? Dit lyk of die studente lui geword het om aandag aan sulke sake te skenk!

Dog ook die welwese van die eie studentelewe was hulle 'n saak van groot erns. So merk mens kort-kort dat te velde getrek is in vergaderings teen die danseuwel, die drukke bioskoopbesoek van P.U.Kaners (waarteenoor die swak Kerkbesoek staan!), e.a. sake van sulke ernstige aard. Onomwonde word hierdie wanpraktyke afgekeur. Die mense het die moed gehad om die sake aan te pak. Hulle het dit as konsekwensie van 'n aanvaarde beginsel geag om hulle uit te spreek oor sulke P.U.K.-onwaarlike dinge.

En nou...? Is alles dan nou reg? Waarom hoor mens nie meer van die dinge nie? Sekerlik nie omdat dit nie meer daar is nie! Want dit plus nog vele ander is aan die orde van die dag. Het ons studente dan hulle belangstelling en meelewing verloor? Word hulle traak-my-nie-agtig? As dit die proses is wat aan

die gang is, nl. die laat-maar-vaargees, dan moet wakker gemaak word! Dan moet elkeen wat nog die P.U.K.-beginsel onderskryf, dit nie net onderskryf nie, maar ook uitlewe. En dit kos stryd. Ons soek nie na stryd nie, maar DIT IS DAAR. En ons mag dit nie maar sommer so laat loop nie. ONS MOET ONS VERANTWOORDELIKHEID BESEF EN ONS MOET DOEN WAT VAN ONS VERWAG WORD. Ons moet veg vir die behoud van ons eie. (Ek sê eie, want die dinge wat hier wil indring, is vreemd. Hulle hoort nie hier nie). En ons moet veg om te oorwin, want anders gaan ons onder! P.U.K. se studentelewe mag nie opgaan in 'n losse lamlendigheid en 'n lamlendige losbandigheid nie. Die euwels moet met alle mag bekamp en uitgeroei word. P.U.K. moet bekend bly as die inrigting in ons land wat doelbewus rigting aangee in die koers van ware Afrikanerskap, wat die Boeresiel wil behou, d.i. wat alle sake wens te besien IN U LIG.

W. VENTER.

Winter: dis die seisoen wanneer ons probeer om die huis so warm te hou soos dit in die somer was, toe ons gekla het oor die hitte—„case” maar liewer.

IN EN OM DIE P.U.K.

Dit is verblydende om te kan meld dat die belangstelling in „Die Wapad” by die oud-studente steeds groter word. Hulle maak dan ook deeglik gebruik van die rubriek wat aan hulle afgestaan is. In hierdie uitgawe verskyn 'n brief van die nog steeds alombeminde Bartjie—ons hartlike dank vir u bydrae! Ons sal dit hoog op prys stel as die ander oud-studente wat intekenaars(esse) is en nog nie bydraes gelewer het nie, van hulle wil laat hoor. Ons dink bv. aan persone soos Lettie Riekert, Jan Henning, Japetius v.d. Walt, Pollie du Toit en nog baie ander. „Die Wapad” is ook u blad en daarom is dit noodsaaklik dat u gereeld bydraes vir u rubriek aan ons sal stuur. Ons maak staat op u medewerking!

Ons hartlike gelukwensing aan mnr. Sidney Faul met sy verlowing. Dit het seker ook maar stryd gekos, want hy is nou baie meer opgeruimd in verhouding met voorheen.

Ons was van mening dat mej. L. Venter ook verloof is, maar by nader ondersoek het dit geblyk dat sy haarself voorlopig wil oefen met die oog op die eintlike verlowing. Sy glo glo aan geleidelike aanpassing.

: DIRK PONS en KIE :

(Eienaars: AFRIKAANSE PERS BEPERK).

Die WINKEL vir STUDENTE en KUNSLIEFHEBBERS waar die grootste verskeidenheid en beste gehalte SKRYFBENODIGHEDE en KUNSWARE altyd in voorraad is.

STUDIEBOEKE

OPVOEDKUNDIG
FILOSOFIE
TEOLOGIES
TAALWERKE—

Afrikaans,
Engels, Duits,
Nederlands.

SKEIKUNDE
WISKUNDE
WETENSKAPPE, ens.

GESKENKE

Geskik vir alle geleenthede:
EETSTELLE, TEE- EN KOFFIESTELLE
GLASWARE, LEER- EN SILWER
ARTIKELS, ens.

BIBLIOTEEK

Groot verskeidenheid ROMANS en VERHALE
in Afrikaans en Engels geskik vir enige
Biblioteek en ideaal vir Geskenke.

DIENSTE

Ons het regstreekse verbinding met alle uitgewers
in die Buiteland en neem bestellings aan vir enige
BOEK of TYDSKRIF.

SPECIALISTE IN VULPENNE.

Grootste Voorraad en verskeidenheid in
VULPENNE:
„Sheaffer,” „Parker,” „Waterman,” „Swan,” ens

ONS VOORSIEN ALLE KOLLEGES EN SKOLE.

DIRK PONS en KIE

Foon 363

POTCHEFSTROOM.

Posbus 149,

IN EN OM DIE P.U.K.

Dit is vir die redaksie 'n besondere voorreg om mej. E. van Eck en mnr. I. J. v.d. Walt (Nassie) van harte geluk te wens met hulle „case”. Ons is veral dankbaar vir Nassie se part, hy het maar 'n taamlike winterslewe op die P.U.K. moes deurmaak—hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die dames nie sy amegtige ernstige houding kon deursien nie—deur welke bril sou Emmie gekyk het? Die studenteraad het die publikasie van hierdie stuk onder luide applous goedgekeur vir plasing en hulle sien met die grootste verwagting uit na dié tweetjies se volgende stap!

Toe student J. F. van Staden, by ons almal bekend as Staties, op 10 Mei laat die aand dood op sy bed aangetref is was dit vir ons almal 'n groot skok gewees. Ons innige simpatie aan al sy familiebetrekkings. In 'n volgende uitgawe van „Die Wapad” sal 'n „in Memoriam” van hom verskyn.

Ons innige simpatie aan mej. T. Venter met die afsterwe van haar grootmoeder.

KWARTAALVERSLAE.

Die kwartaalverslae van die onderliggame van die S.S.B. en A.B.K.K. moet die onderskeie voorsitters bereik voor Vrydag 13 Junie. Die kwartaalverslae van die verskillende hoofliggame moet ondergetekende bereik voor Maandag 16 Junie. Sorg asb. dat u verslae stiptelik die betrokke persone bereik.

B. DUVENAGE (Skr. S.R.)

Daar word gesê dat onjongnooiens langer lewe as getroude vrouens—so lank daar hoop is, is daar lewe.

As 'n vrou 'n broek dra, pas dit nie vir haar man nie.

BLACK EN KIE
BEPERK.KLERASIE VIR DIE
HUISGESINKLEURBAADJIES EN BROEKE,
STEWELS EN SKOENE.SPORT- EN DRAAGHEMDE VAN
ALLE SOORTE.Spesiale Benodighede vir
Studente en Skoliere.

Eersteklas Behandeling—Hoogste Waarde—Bring ons 'n Besoek!

Posbus 197. Foon 179.
KERKSTRAAT 61,
POTCHEFSTROOM.

J. HEIDEMA

Kerkstraat 30, teenoor die Geref. Kerk,
POTCHEFSTROOM.

RYWIELE:

RALEIGH,
ARGYLE,
SUN,
HERCULES,
PHILLIPS,
UNITY.

MOTOR-
RYWIELE:

VELOCETTE
MATCHLESS

J. HEIDEMA

GELUKWENSING.

Hiermee ons hartlike gelukwensing aan mnr. B. Duvenage (Benoun) met sy verowering van die redenaarsbeker—die sukses is glo toe te skrywe aan die kalmerende invloed van mej. Coetzee wat deesdae altyd in sy geselskap opgemerk word—hy het nou inspirasie om ook dalk naderhand 'n paar woorde in vraagvorm aan die geagte juffrou te stel.

Hartlik geluk ook aan mnre. P. v. Z. Aucamp en W. de Klerk aan wie glo elk 'n diploma oorhandig sal word op grond van hulle kundigheid om oor eenvoudige dinge 'n paar woorde te spreek.

Aan die dames en mans wat minder goed gevaar het net dit: U is net so goed t.o.v. redenasievermoë as dié persone wat gelukkig was, op 'n volgende geleentheid mag u miskien twee bekere tegelyk verower—u was maar net minder gelukkig!

Rubriek vir
AlgemeenhedeNASIONALE EENHEID
OP P.U.K.

Langs hierdie weg wens ek aan alle A.N.S.-lede en belangstellendes die jongste eenheidspogings tussen A.N.S. en A.S.B. in ietwat duideliker kleure te stel. Dat die eenheid van ons studentegeleedere op nasionale gebied reeds vroeër die A.N.S. aangegaan het, spreek uit vroeëre beoogde konstitusionele wysigings, asook onderhandelinge in 1945 met beswaarde groepe aan ons inrigting, alwaar ook 'n konsepeenhedskonstitusie verkry is. Deur die stigting van A.S.B. wat uniale studenteenheid beoog het, het hierdie onderneming misluk—dog nou bly die feit, dat A.S.B. net so min as die huidige A.N.S. uniale eenheid onder ons Afrikaanse studente kon bied, onomstootlik staan.

Hierdie nuwe poging het uitgegaan van mnr. G. B. S. Pasch, en die Takraad het hulle eenparig bereid verklaar tot sodanige onderhandelinge. As voorbeeld kan weereens geneem word die konsep-konstitusie van 1945.

Vir ons is dit nie langs redelike lyne moontlik om in te sien waarom verskille op die breëre volkspolitieke terrein eenheid van 'n binne-Universitêre nasionale liggaam onmoontlik maak nie. Lede van 'n sodanige organisasie het nog altyd vryheid om toe te tree tot groepe van die politieke lewe, en kan hulle persoonlike afwykende idees in sodanige organisasies ten volle uitlewe. Om die nasionale lewe op Universiteit, vir ons 'n uniale organiese geheel, te skoei op die lees van verdeelde volkspolitiek, is iets ongerymde aangesien die universitêre lewe meer primêr is as die volk—soos die huisgesin meer primêr is as die gemeenskap.

Hieruit volg dus dat 'n koöperatiewe nasionale lewe aan ons Inrigting die verdeeldheid van die volk meer doeltreffend sal kan ontleed en bestry, as

dié wat reeds verdeeldheid ten grondslag het. Die doeltreffende werking van die grotere geheel, hang ook af van die geskiktheid van die dele bv. as 'n deel van die liggaam reeds in krankheid verkeer, sal die hele persoonlikheid moeilik ongehinderd sy beste lewer.

Dit is die roeping en plig van elke student om homself (sy persoonlike belange en voordele) en sy bevooroordeelde politieke groep te vergeet wanneer ons op 'n meer primêre terrein as die volk eenheid kan verkry.—Die basis is wel daar: Ons Volksverband; ons Kerkverband; Kultuurverband om nie eers te spreek van die groot gemeenskaplikheid in die politieke ideale waaroor ons dan so hartroerend in die breër politiek sou verskil nie.

Laat ons dus ook hierdie saak aanvaar op grond van Nasieliefde en Nasiediens.

B. SPOELSTRA (Leier).

BESLUIE I.S. A.N.S.

Geagte A.N.Sers,

Op 'n A.N.S. Takraadvergadering is die volgende besluite geneem t.o.v. die plaaslike tak.

(a) A.N.S. van P.U.K. sal aan die Hoofbestuur kennis gee dat hierdie Tak sy uniale betrekkings met A.N.S. breek met die oog op nasionale eenheid in ons studente-geleedere. Hierdeur wens ons ons selflose opregtheid in die eenheidspoging te betoon.

(b) Hierdie Tak sal ten minste vir hierdie kwartaal, of altans tot hierdie saak uitgewys is, in 'n toestand van passiwiteit verkeer.

(c) 'n Komitee van drie lede, bestaande uit mnre. D. J. Jerling, H. L. M. du Plessis en ondergetekende, is aangewys om te onderhandel met 'n sodanige komitee van A.S.B. Gesamentlik kan hierdie twee komitees as 'n interimkomitee die nasionale belange van die inrigting behartig en 'n eenheidsgrondslag probeer daarstel.

Langs hierdie weg wens ek u in te lei tot hierdie goedbedoelde poging en reken op u heelhartige ondersteuning.

Dankend,
die uwe,

B. SPOELSTRA (Leier).

RASSE-APARTHEID (2).
J.M.O.

Verlede keer het ons verduidelik wat 'n ras is en die verwarring wat daar nog heers onder die wetenskaplikes. Ons taak is nou om die beleid van apartheid of segregasie te onttraad en aan te toon of dit regverdig is of nie.

Dit is nogal opvallend dat die teëstanders van ons kleurbeleid altyd 'n teks wil hê, om te bewys dat apartheid met die Heilige Skrif rym. Vir elke saak en vir elke sonde 'n teks! Dit is 'n verkeerde metode. Die Bybel is geen resepteboek nie, maar 'n goudmyn, waarin wel gouderts, maar nie goue ponde opgetel kan word nie. Die Bybel gee groot lyne en beginsels aan waarop ons veilig kan voortbou. Ons het geen tekste nie, maar die hele

Bybel van Genesis tot Openbaring as ons bewysvoering.

Op die eerste bladsy van die Heilige Skrif leer ons God ken as Hammabdil d.w.s. as Skeidingmaker. Hierdie woord is van groot belang en daarop kan ons verder borduur. Alles wat God geskape het is in aansyn geroep volgens hulle soorte. Ook die mens is geskape man en vrou. Die massa ding is nie deurmekaar geskape en op 'n hoop gesmyt soos 'n bondel klippe nie, maar elke soort is afgesonder in eie kraal. Dit is dan ook wat segregasie beteken volgens sy oorsprong. Ons kry dus verskeidenheid en menigvuldigheid in die kosmos, niteenstaande die ewolusie-dogma alles een wil maak nie. Van die begin af het God perke en grense gestel wat nie weg geredeneer kan word nie.

Sodra ons besig is om die verskeidenheid in die kosmos tot een beginsel binne die kosmos te herlei, om alles uit daardie bepaalde prinsipe te wil verklaar, dan is ons met mensewerk besig en tas ons mis. Hierdie eiewysheid van die mens is dan ook deur God self in die vlakte van Sinear veryd. Ook vandag nog het ons met hierdie Babiloniese-gedagte van eenmaking in ons rassebeleid te doen. Dit lyk werklik of hulle al meer en meer veld wen. Die geliefkoosde teks van hierdie humaniteitsmense is Kol. 3: 11 waar daar staan: „waar daar nie Griek en Jood, gesnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie; maar Christus is alles en in almal.” Soos hierdie mense die Skrif verklaar, moes hierdie gedeelte van die Heilige Skrif 'n jammerlike mislukking gewees het, want daar is vandag nog Grieke, Jode, barbare en slawe (al is slawerny afgeskaf). Hierdie kleitrappery van die liberaliste word eers 'n voldonge feit as ons Gal. 3: 28 langs bogenoemde teks plaas. Daar staan: „Daar is nie meer Jood en Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.” Hierdie mense is nou in 'n groot moeilikheid want daar is ook nie meer man en vrou nie.

BOTH A GOOSEN

Kerkstraat 98,

Potchefstroom.

Foon 430

Posbus 81

—vir—

MANSKLERASIE

ELKE DAG VARS.

TURKSTRA'S
BAKKERY

BROOD

en alle

KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

FOON 282.

FOON 282

KERKSTRAAT 37,
POTCHEFSTROOM.

BERGERS BEPERK

wat steeds lae pryse handhaaf

—IN—

Dames-, Kinders-, Mans- en Seunsuitrustings.

BERGERS DROOGSKOONMAAKAFDELING vir
vinnige aflewering en beste behandeling.

PAKKE KLERE 2/11. BROEKE 1/3. ROKKE vanaf 2/11.

Probeer—Bergers Beperk—Eerste!

Foon 138

POTCHEFSTROOM

Kerkstraat 64

Hoe nou gemaak? Die sleutel tot die verklaring hiervan vind ons in die waarde: in Christus, m.a.w. dit is 'n geestelike eenheid. Die belangrike nou is dat hierdie geestelike-eenheid nie die rasseverskille, grense, onderskeidings ens. ophef nie, maar, intendeel word dit bevestig. Ons konkludeer dat die teëstanders van ons kleurbeleid geen grond vir hulle argumente in die Bybel vind nie, want die Bybel veroordeel juis die Babiloniese-gedagte van eenmaking, asook die vorming van wêreldryke (empires) en laasgenoemde word ook in die Skrif voorgestel as diewe; maar teen die vorming van nasies en koninkryke is die Bybel nie.

In die burgerlike wette van Moses wat ons in Deut. 22 vind, staan o.a.: „Jy mag in jou wingerd nie twee soorte saad saai nie, jy mag nie met 'n os en 'n esel tegelyk ploë nie, jy mag geen gemengde stof, wol en linne tegelyk, aantrek nie.” Hoewel temeer geld dit nie vir die mens nie? God het vir die mens 'n hulp gemaak wat by hom pas. Toe van der Kemp met 'n pikswart slavin getrou het, was dit onpaslik om nie te sê onnatuurlik nie! M.a.w. dit staan onomstootbaar vas volgens die Bybel, dat geen gelykstelling en geen verbastering geoorloof is nie. Op grond van wat ons tot hiertoe gesien het, handhaaf ons die stelling: apartheid en differensiasie en nie gelykstelling en assimilasië nie. Hierdie stelling moet ons nog verder ontvou, want oor die algemeen moet die ongelukkige verloop van sake daaraan toegeskryf word dat van die rigting van apartheid en differensiasie in die werklikheid steeds minder te reg kom, terwyl die rigting van gelykstelling en assimilasië stadig maar seker besig is om die oorhand te kry. Wat is die gevolge hiervan?

(Word vervolg).

Waarom Staatsgeneeskunde, soos die voorgestel is, nie in alle opsigte 'n sukses sal wees nie.

As Aptekers sien baie van ons 'n sy van hierdie belangrike saak wat die aandag van die voorstanders van hierdie kommunistiese stelsel ontglip.

In digbevolkte dele soos byvoorbeeld die Rand, tref ons in die bestaan van siekehulp-fondse 'n model vrye staatsgeneeskunde aan. Die voordeel van lidmaatskap is onbeperkte vrye mediese dienste. Ek sal nou trag aan te toon hoe hierdie voordele gebruik en misbruik word.

DIE PASIENT:

Elke lid van so'n fonds probeer soveel moontlik daaruit te kry want „ek betaal mos daarvoor”—of hy dit nodig het of nie! Vir die 7/6 of 10/- per maand, sorg sommige lede dat hulle ten minste 'n pond of drie se waarde in huishoudmiddele en ander onnodige goedere ontvang. Nou kan aangevoer word dat indien dit 'n regeringsaak is, hulle nie daardie houding van „ek betaal mos daarvoor” kan inneem nie. Tog sal hulle weer voorhou dat hulle indirek daarvoor betaal deur belastinge. Vanweë die groter omvang van so 'n skema, sal meer mense in die geleentheid wees om dit ten duurste uit te buit. Bottels medisyne sal in die spense en buitegeboue ophoop—bottels waaraan daar skaars geruik is. Hegpleister sal vir isolasie-doelendes gebruik word en sommige sal tot selfs salf aanwend vir smeermiddel en diesmeer.

Baie siekfonds-pasiënte vertel aan jou, nog voordat hulle aan die mengsel geproe of geruik het, dat dit nie sal help nie, want hulle sou dan al drie bottels van dieselfde goed gebruik het, en g'n mens kan hulle wysmaak dat die betrokke mengsel van die vorige verskil nie.

DIE GENEESHEER:

In die leër het baie persone ook ondervind, wat in die geval van 'n siekehulp-fonds gebeur. Vir die geneesheer is sy pasiënt feitlik net soos 'n muntstuk vir 'n muntinspekteur. Hy kyk net aan albei kante of dit nog reg lyk. Die noodsaaklike individuele aandag wat pasiënte vandag geniet, sal baie skade ly. Die dokter moet

vandag meeding om 'n goeie bestaan; sy pasiënt moet voel dat hy in elkeen afsonderlik belangstel—hulle moet hom vertrou. Met ander woorde 'n geneesheer moet 'n „naam” hê verkry deur die moeilike gevalle waaraan hy baie tyd en aandag spandeer het, die „ongeneeslike” kwale wat hy genees het, en die deeglikheid van sy dienste. Hierdie belangrike faktor van mededinging kan alleen bestaan as die geneesheer daarvan bewus is dat hy deur sy goeie dienste homself indirek bevoordeel. Met Staats mediese-diens sal daar 'n maatstaf vasgestel moet word en dit sal meer afhang van die hoeveelheid dienste gelewer, as van die kwaliteit van die gelewerde dienste. Waarom sal dr. X homself af-sloof en sy pasiënte tydsam in deeglik ondersoek, terwyl dr. Y vir dieselfde salaris dieselfde aantal pasiënte ondersoek en afskeep in 'n baie korter tydbestek en die res van die dag vir homself hou? Daar sal wel ook goeie werk verrig word, maar dit sal beperk word tot die welgestelde pasiënte en vriende van die geneesheer en die vreemdes en mindergegoede pasiënte sal afgeskeep word. Die arm man se seun wat aan longtering ly, sal met 'n bottel bruin hoefmedisyne huis toe gestuur word. Heelwaarskynlik sou sy moeder se rate net soveel gehelp het en dit sou darem ten minste iemand troos—sy kommervolle moeder.

Om die woorde van 'n lid van 'n siekefonds te herhaal: „Toe ek by die deur instap, het die geneesheer al begin skryf, en toe ek by sy tafel kom, was die voorskrif klaar uitgeskryf. Met gemaakte belangstelling het hy my 'n paar vrae gevra, en toe die voorskrif aan my oorhandig sonder enige wysiging.” Die dokter het sy pasiënt geken en waarskynlik geweet wat die aard van sy klag sou wees vanweë 'n vorige besoek, maar aan die moontlikheid van nuwe verwickelinge wou hy liever nie dink nie.

DIE APTEKER:

Daar bestaan onder die gewone man altyd die neiging om te glo dat hy afgeskeep word. Hierdie neiging doen hom selfs meer voor by die siekefondslid. So is aan my eenkeer vertel van 'n apteker wat al sy mengsels uit dieselfde fles tap. Dit was natuurlik nie waar nie. Wat werklik gebeur het, was dat die kliënt net die fles kon sien waaruit die gedistilleerde water getap word om die medikamente op te los en te verdun. Daar ons vandag bewus van die rol wat geloof by genesing speel, moet ons erken dat sulke stories nie die geloof sterk nie.

Die apteker is ook menslik en kies ook maar die maklikste weg waar dit nie aan sy besigheid afbreuk sal doen nie. Nou moet hy meeding met sy opponent om 'n bestaan te maak. As hy nie vriendelik is, of as sy mengsels troebelrig en sy salf vol klontjies is, gaan die kliënt na sy buurman se apteek. Om dus tyd en moeite te bespaar, sal mengsels vooraf aangemaak word en gereed staan om uitgegee te word sodra 'n voorskrif daarvoor ingehandig word; want hy kry in elk geval sy salaris.

Sal geneesheer en aptekers verder tevrede wees om bloot vir 'n regeringstjek te werk sonder die vooruitsigte van onafhanklikheid en vryheid wat hulle as landsburgers toekom?

SID. FAUL.

MUSIEKKLANKE IN DIE NAG.

Swewend op die weemoedsdeining van my siel se eensaamheid, kom die klanke heimwee-wekkend aangegolf uit duisterheid. Saggies-trillend roer die snare in die siel se harpespel; saam verrys dan met die tone sielsmusiek—op Gods bevel!

L. S. KRUGER.

Plig veronderstel vryheid. Waar daar geen vryheid is nie, is daar geen plig en ook geen reg nie.—V.C.

Ons bejammer die man wie se eie moeder nie alle ander moeders vir hom eerbiedwaardig gemaak het nie.—G.P.R.

DIE HARDE WERKLIKHEID?

Ons hoor so dikwels dat daar gepraat word van die harde werklikheid van die lewe. Die meeste mense dink dan ook met 'n mate van afkeer daaraan dat hulle 'n roeping moet vervul, 'n verantwoordelikheid moet dra. In ons tyd veral is daar die neiging by die gemaksugtige moderne mens om die vervulling van 'n roeping in die werklike lewe aan die een kant en die nastrewe van geluk en selfverwesenliking aan die ander kant te beskous as twee aparte teenoormekaarstaande groothede wat direk teen mekaar indruis. Daarom probeer die mens vandag om sy geluk elders te soek as in die vervulling van sy daaglikse roeping byv. in die najaag van plesier, ontspanning, singenot, romanse, sonder verantwoordelikheid ens. Ons is almal maar in meerdere of mindere mate gedurig besig om die werklikheid te probeer ontvlug, op soek na „'n lekker landstreek, wie weet waar.” Ons voel roepingsvervulling as iets onnatuurlik aan, iets wat die uitlewing van onself in die pad staan. Maar is dit nou werklik die geval? Is die werklikheid wel hard, soos gesê word, en is roepingsvervulling iets onnatuurlik? Die feit is dit: dis nie die werklikheid wat hard is nie, maar die ontvlugting van die werklikheid van die lewe, die vlug vir die lewe wat wrange vrugte vir die mens afwerp.

Die Skepper het die mens in die wieg gelê met sekere natuurlike gawes en talente wat hy tot volle ontplooiing moet bring teneinde homself te vervolmaak en sy plek in die samelewing in te neem. Platq, het die spyker op sy kop geslaan toe hy beweer het dat elke mens 'n funksie, het en deur die vervulling van elkeen se eiesoortige funksie binne die geheel kom die harmoniese samelewing tot stand. Uit Calvinistiese oogpunt gesien handhaaf ons dat God aan die mens 'n roeping toevertrou het, 'n roeping wat volgens ons opvatting daarin bestaan dat die mens as medewerker van God Sy skepping tot die hoogste ontplooiing moet bring. Dit doen die mens in die eerste plek deur die ontwikkeling en aanwending van die natuurlike gawes en talente aan hom toevertrou en in die ontplooiing hiervan verwesenlik die mens terselfdertyd sy geluk. Hierin lê ook die diensgedagte opgesluit: „gee om te kan neem.”

Hierdie roepingsvervulling bring egter strewe en die dra van 'n verantwoordelikheid mee, en onder die sonde ook stryd teen die magte van die dood. Dit bly egter die enigste weg tot selfverwesenliking en geluk. Na die sondeval kan ons die groot katastrofe in die wêreld sien as die stryd tussen die lewe en die dood, en die mens is geroepe om mee te doen in hierdie stryd aan die kant van die lewe teen die dood en die enigste wyse om dit te kan doen is deur lewensaanvaarding en roepingsvervulling. Dit is ook vandag nog ons taak en roeping: om die werklikheid vol in die oë te kyk en as bondgenoot van die lewe teen die magte van die dood te stry, daarin moet ons vreugde wees.

Maar wat doen die moderne mens? Hy voel lewensaanvaarding en die verantwoordelikheid wat dit meebring aan as 'n las i.p.v. 'n vreugde en nou probeer hy sy roeping ontduik en die werklikheid ontvlug. Hy word 'n geluksoeker en in plaas van as leuse te handhaaf: „gee aan die lewe al wat jy kan en help so die lewe in sy stryd teen die dood,” word sy leuse nou: „Neem uit die lewe net wat jy kan kry.” Hy gee hom nou willoos oor, soos hy meen aan die lewe, in werklikheid aan die dood en pleeg dus verraad teenoor die lewe. Hy word 'n bondgenoot van die dood teen die lewe! En wat maai hy? Nou word die werklikheid vir hom hard, wreed en genadeloos, en dan beskuldig hy die lewe dat dit wreed is en die mens magteloos meesleur om hom uiteinde-lik op die rotse as wrak uit te spoel. In werklikheid is dit nie die lewe wat hard is nie, maar die dood wat hy gekies het!

Hierin lê die grondfout van die geluksoekers, die reisigers na nêrens, die

wrakke langs die lewensweg, die slawe van plesier-sug en losbandigheid, dat hulle geluk gesoek het in oorgawe in plaas van in strewe, en i.p.v. die lewe maai hulle die dood en die verderf.

Om wat hierbo gesê is duideliker te illustreer kan ons as beeld gebruik die vis in die see. Die vis swem, dartertel en speel in die water en stuur homself behendig by al die rotse verby, m.a.w. hy handhaaf homself deur hom aktief in te pas in sy lewensmilieu en in hierdie aktiewe inpassing is hy gelukkig, lewenskragtig en gesond. Maar veronderstel nou hierdie vis sou gaan stil lê, homself willoos oorgee aan die golwe om deur die golwe na hartelus heen en weer gespoel te word, wat sal gebeur? Hy sal spoedig op die rotse te pletter gespoel word, en die dood maai as resultaat van sy „salige oorgawe.” sy ontduiking van die lewenseise. Die mens is in 'n lewenssee en alleen hy wat bereid is om te swem sal homself teen die golwe kan handhaaf.

Hy wat die werklikheid en die vervulling van sy roeping ontduik deur geluk elders te soek, hetsy hy dit soek in die botviering van sy hartsogte, plesier-sug, romantiek of sentimentele godsdienstwepery sal die dood maai. Roepingsvervulling en die verwesenliking van geluk mag nooit gesien word as teenoormekaarstaande nie, maar die enigste weg tot geluk is langs die pad van roepingsvervulling. Geluk deur lewensaanvaarding, nie lewensontvlugting nie! Vir hom wat bereid is om die stryd van die lewe teen die dood te voer deur die werklikheid vierkantig in die oë te kyk en sy enigste heil soek langs die weg van roepingsvervulling in gehoorsaamheid aan God, hy sal geluk en die volle selfverwesenliking maai. Vir hom is die werklikheid nie hard nie, omdat hy besef dat strewe die natuurlike weg tot 'n vol en ryk lewe is, en dat hy deur God as heerser in die wêreld gestel is, om deur die aktiewe beheersing van sy gees die potensialiteite in die natuur in aktualiteite om te skep, in die laaste instansie tot eer en verheerliking van die Ewige Skepper deur Wie se Woord aan die gelowige die versekering gegee word dat sy strewe en stryd nie tevergeefs is nie, maar dat die lewe éénmaal tenvolle oor die dood sal triomfeer, kragtens die feit dat in Christus die ganse Skepping vrygemaak het van die vloek van die sonde, nou in beginsel, één-dag ten volle!

J. P. B. VILJOEN.

OUDSTUDENTE — RUBRIEK —

Pitorie.

Meneer die Redakteur,

My hart voel goed vanaf Maandag, en ek mag nie nalaat om dit te sê nie. Maandag se koerant het vir my groot nuus gebring: Die P.U.K. was te goed vir Blyvoor!!! Wat 'n prestasie, as mens nog in aanmerking neem dat die Kaptein, Blits Baasman, en Flap-pie, wat die mense om die nek „tackle” met sy bene nie kon speel nie!! Mooi so P.U.K.!!! En die mag nie die end wees nie, dit is dan maar die begin, die begin van groot dinge. Laat die oorwinning oor Normaal julle inspirasie wees!

Komaan Pukkies, laat die gees wat julle pomp uiters dik strale wees, julle moet as't ware net die ene gees wees as julle die dag teen U.K.O.V.S. en U.P. Intervarsities hou. Ons wat net nog in die gees daar is, pomp saam met julle. Die Theos is goed en moet vanjaar bo uitkom.

Groetnis,
BAARKIE.

'n Saksofoon is 'n goeie ding, maar 'n koei maak dieselfde geluid en gee boonop nog melk ook.

Drank verdring nie sorg nie, maar maak dit nat en laat dit vinniger groei.

Hy wat sy vrou alles vertel, is nog ongetroud.

SPORTRUBRIEK

VOETBAL.

Tot die 17de Mei het ons sewe wedstryde gespeel waarvan twee gekop, een verloor, en vier gewen is. Twee van hierdie wedstryde was vriendskaplik, dus het ons nog net vyf liga-wedstryde gespeel.

Afgesien van die 4-punte wedstryd wat ons teen Garnisoen verloor het, het dit betreklik goed gegaan. Op die puntelys vir die Naser staan ons nou derde, met 'n wedstryd minder as dorp, wat alreeds ses gespeel het. Moontlik kan hierdie agterstand nog ingehaal word.

Vir die Blaine sal ons heelwaarskynlik teen Blyvoor te staan kom. Ons het hulle alreeds gewen met 6-3, en dit nog sonder Basie van Wyk en Flippie Human—hoe dit nou sal gaan as hierdie twee staatsmakers ook inval, sal ek maar liewers nie aan Blyvoor meedeel nie.

Nou gaan ons drie weke rus en dan draf ons weer op die veld om die U-Koffers te wys hoe 'n mens intervarsitê moet hou, d.i. die 7de Junie.

Die sukses tot dusver moet toegeskryf word aan ons breiers, mnre. Pasch en Coetzee, aan die goeie gees van ons spelers en die bekwame leiding van die kaptein. Volke samewerking van bogenoemde drie is noodsaaklik vir enige span, en ons het dit veral as die kaptein sê „...toemaar, toemaar, ek sal sommer altwee slotte druk...”, as 'n voorspeler seerkry.

S. L. VORSTER (Skr.)

KOM NA

POTCHEFSTROOM
HANDELAARS

(Eiendoms) Beperk

SIT DIE £ OM IN WAARDE

Die mees Bekende Afrikaanse Handelaars, die Beste en Altyd die Goedkoopste.

DIREKTE—INVOERDERS

Waarde van die Hoogste Gehalte teen die Laagste Pryse!

FOON 259 en 250 — KERKSTRAAT

Landbou-implemente Foon 626.

POTCHEFSTROOM
MOTORHAWE

Foon 41. Laat ure. Foon 301.

Besoek die Studente-

en Eg-Afrikaanse Kafee

SONSKYN



Bediening na u Bevrediging

Gedruk deur die Westelike Stem, Potchefstroom vir die uitgewers, Studente Vert. Raad, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.

KORFBALKLUB.

Die Korfbalklub gaan blykbaar 'n jaar van groot oorrinnings te gemoet. Slegs twee wedstryde is reeds gespeel en is met groot puntemeerderheid gewen. As die ywer wat op die oomblik aan die dag gelê word nie met die loop van tyd verslap hie, is dit duidelik dat hulle in 'n goeie kans staan om elke wedstryd wat hulle speel oortuigend te wen. Die feit dat hulle hulle veral toelê op mooi spel en nie soseer om bekers en skilde te verower nie, stel hierdie klub beslis in die middelpunt van belangstelling. Ons gaan julle dophou en ondersteun! Sukses met julle ondernemings!

HOKKIE.

Sowel die mans- en dameshokkie-spanne lewer spel van hoë gehalte. Hulle gaan steeds van krag tot krag voort. Wedstryde is reeds gespeel en in die lig van oorrinnings wat reeds behaal is kan met reg gesê word dat hierdie klub dit vanjaar baie ver sal bring. Ook aan hierdie klub sterkte met die beplande ondernemings!

TENNIS.

Dit is die spel wat alle studente in mindere of meerdere mate beoefen. Die belangstelling is vanjaar buitengewoon groot en ons verwag van hierdie klub vanjaar groot dinge. Sterkte met al u aanslae van die nabye toekoms!

KRIEKET.

Hierdie klub tree op die oomblik nie aktief op nie, maar ons kan dit nie nalaat om hulle geluk te wens met hulle oortuigende oorwinning oor U.P. 'n tyd gelede nie. Hartlik geluk!

JUJSKEI.

'n Mens kannie anders as om steeds met lof van die jujskeiklub te praat nie. Dit word beweer dat hulle nie kan verloor nie. Ou Spokie gaan glo weer sy houe in kry met die e.k. „Intervarsity” teen U.K.O.V.S. 'n Woord van bemoediging is hier nie juis nodig nie—hulle put dié glo uit die onuitputlike sêgoed.

Gerrit Kruger het nou die Sondag-aand gepreek. Hy is klaar so poliets soos 'n predikant! Aardig genoeg dat die uitspraak van Philippi hom so opkoffie. Sou dit wees vandat Flippie Snyman se naam en Philippi iets met mekaar te doen het?

Waarom word Louis Kruger deesdae as 'n held beskou?

Antwoord: Omdat hy help om alle „Pote” onder nege en bo nege-en-negentig te „kidnap.” Hy word dalk nog sy eie slagoffer.

Varia Rubriek

KAF TUSSEN DIE
KORRELS.

BRIEF No. II.

Sneeupeik,
Grenskollege.
Soms later.

My enigste Pa,

Dankie vir die brief pa en alles wat ek daarmee saam ontvang het. Pa weet, ek dink ek moet dit maar vertel—pa weet die studente van die plek is verbasendwekkend snaaks—om maar 'n voorbeeld te noem—Hier is Lou Krugius Kidnepsius. Pa hy is die ene kidnêppe. Hy is as't ware glo gebore met 'n kidnêp. Veel meer wil ek nie oor hom sê nie pa.

Ai pa, en pa moet hom op die fiets sien—sy spoed is die van sloerenjin wat op 'n stukkende spoor 'n verkeerde stasie binneloop. Dis nou hy pa! En hy is een van baie pa. En een van die baie is ook nog dié Platbossius. Pa hy is weer so plat soos die platste bos. Party noem hom Flêtboesh, pa, omdat hy ook voetbal speel vir die Theos.

Met liefde en tranen,
GERT DUBBELDOOR.

WETENSKAPLIKE

DEFINISIE VAN
'N VROU

deur CUTLER.

Naam van substansie: Vrou. Simbool: „Rou.

Atomiese gewig: sowat 120 lb. Atomiese nommer: Miskien.

Fisiese eienskappe:

(a) Allerlei formaat en grootte;
(b) Kom altyd in gecamoufleerde toestand voor;

(c) Kook oor niks, maar mag op enige punt vries;

(d) Baie bitter indien nie behoorlik gehanteer.

Chemiese eienskappe:

(a) Soms uiters aktief, some uiters lui (l.g. veral t.o.v. bydraes vir „Die Wapad”);

(b) Het 'n groot affiniteit vir goud, silwer en kosbare edelgesteentes van enige aard;

(c) Baie gevaarlik en ontplofbaar in ongevoefde hande. (Stem u saam?—Subred. R.G.K.)

Omdat die S.R. nou alle stukke vir publikasie eers moet goedkeur sal ek nie my verlowing kan plaas nie want hulle sal dalk nie my verloofde goedkeur nie.

* * *

Waarom sit Patrysie in die laaste tyd so graag op Vleuel se balkon en werk?

Antwoord: Natuurlik omdat juffrou M. hier verby stap Skeikunde klas-toe.

Iewers,
P.K. Doer Ver.
Altyd.

My liefste oom Redakteertjie,

Ek is tog bly oorlat oom die Gaiepe na die maan gejaag het om te kyk of dit van groen kaas gemaak is.

Ek wil ook nou nie snip nie, maar oom hier is alweer anner lelike goeters oom, afgesien van alles wat mens nie kan sien nie! Oom dis nou weer sulke mense wat hulle lywe voël hou—reiers oom, ofte wel krapvangers met geveerde hoede oom.

Hulle sê hulle glo ook in die arm-lengte oom voorlat hulle kys en so-lank hulle sleep—maar dis okalweer verkeerd oorlat hulle die afarm hand-haaf; dit peteken die lengte van die afarm.

Alla oom dis mos verskriklik naby!

Gert Dubbeldoor het nie gekyk nie—ek het self dinge gesien.—

Sê maar nog groete vir die Antie Redakteer.

So bly ek nog lief vir oom-hulle,

KERNEELS TOGRYER.

Vroumense kan nie argumenteer nie, mans doen dit nie—hulle weerspreek net.

* * *

'n Vrou laat nooit na om na die blink kant te kyk nie—van 'n spieël!

* * *

'n Man van sewe voet in Kairo skryf gedigte, hy is bekend as die Egiptiese „long fellow.”

* * *

Zakkie Grobber is glo nie meer tevrede met „Die Wapad” nie—hy wil 'n „Motorpad” hê—ook nie dit nie, hy wil 'n tussenpad hê—hy bedoel dus eintlik „'n Fietspad”—hierdie gedagte het tot hom deurgedring vandat hy nou gereeld met sy vrou se fiets skooltjie-toe ry.

INGRAM SE
BOTTELSTOOR

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).



INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

O.K. BAZAAR

(1929) BEPERK

60 Departemente onder een Dak.

Kruideniersware en Voedsel-ware, Mâns- en Damesklerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ————— ens.

O.K. BAZAAR

POTCHEFSTROOM

Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.

STUDENTE

ondersteun die

SENTRAAL

HAARKAPPERS

LANGS DIE RENDEZVOUS KAFEE.